

Week van Gebed – “Volg My ... en ontvang My hart”

14 – 20 Februarie 2022

Inleiding

Welkom by ons week van gebed. Ons wil jou graag uitnooi om hierdie week saam te bid vir jou as persoon, vir ons as gemeente en vir ons as 'n gemeenskap. Die doel is om die Here te vra om ons as individue te help om nog beter te verstaan hoe om met Hom te leef, van Hom te leer, hoe ons dit prakties kan uitleef, ook as 'n gemeente. Die tema vir die jaar is: “Volg my... en ontvang My hart.” As riglyn vir die week gebruik ons die bekende gedeelte uit die lewe van Jeremia tydens sy besoek aan die ateljee van 'n pottebakker. Daarmee saam ook die aanhalings uit, “Leer leef met Jesus” deur Gys van Schoor. Hierdie handleiding help ons om nuut te kyk na hoe ons Jesus beter kan leer ken en saam met Hom te lewe.

Hoe om deel te neem

Gebruik hierdie riglyne as deel van jou daaglikse stiltetyd. Ons is almal bekend met Lectio Divina en is dit 'n gepaste manier om die skrifgedeeltes vir elke dag op die manier te bestudeer. Die riglyne is in 'n aparte dokument beskikbaar. 'n Joernaal is ook 'n goeie hulpmiddel tydens die week. Skryf jou gewaarwordinge neer en gebruik dit as 'n baken vir jou reis hierdie jaar. Ons wil jou uitnooi en uitdaag om iewers in jou dag of aand tot stillstand te kom en net stil te word voor die Here. Aanhalings is uit Die Boodschap.

Jeremia 18:1-6

Die Here het vir Jeremia nog 'n boodskap gegee. Hy het gesê: “Gaan na die ateljee van die pottebakker. Daar sal Ek met jou praat.” Ek het toe na die ateljee van die pottebakker gegaan en hom gekry waar hy besig was om op die pottebakkerskyf te werk. Maar die pot wat hy besig was om te maak was nie reg volgens sy smaak nie. Hy het toe die klei weer inmeakaargedruk totdat dit 'n bol was. Daarna het hy weer begin om 'n nuwe pot te vorm wat was soos hy dit wou hê. Die Here het toe vir my 'n boodskap gegee wat met die klei te doen gehad het. Hy het gevra: “Israel, kan Ek nie met julle net so maak soos die pottebakker met die klei gemaak het nie? Kyk, soos die klei in die hande van die pottebakker is om daarmee te maak net wat hy wil, so is julle in my hande.

Dag 1 – Verootmoediging en Uitnodiging – Om vanuit 'n nuwe werklikheid te lewe.

Uit die Woord

Rom 9:20-21 Mens, wie is jy per slot van rekening dat jy met God wil redeneer? Hoe kan die maaksel vir sy maker sê: “Waarom het jy my so gemaak?” Het die pottebakker nie die reg om uit dieselfde klomp klei iets besonders én iets alledaags te maak nie?

Jeremia 18:2 Gaan na die ateljee van die pottebakker. Daar sal Ek met jou praat.”

Jeremia 18:6 “Israel, kan Ek nie met julle net so maak soos die pottebakker met die klei gemaak het nie? Kyk, soos die klei in die hande van die pottebakker is om daarmee te maak net wat hy wil, so is julle in my hande.

Kernaanhaling uit “Leer leef met Jesus”

Jesus nooi ons uit om elke dag vanuit die werklikheid te leef waar Hy teenwoordig is by ons. Hy nooi ons uit tot ‘n lewe van dissipelskap, om saam met Hom te leef, om Hom te volg en om Hom te leer ken. Om dit reg te kry moet ons ons lewens op ‘n ander manier inrig. Een van die praktiese implikasies hiervan is dat ons stadiger sal lewe. Alvorens ons dit doen moet ons die uitnodiging om saam met Jesus te lewe, aanvaar.

Gebedsriglyne

Verootmoedig jouself voor die Here. Erken dat Hy die Here is en ons die klei. Bely dat ons self partykeer die pottebakker probeer wees, of dat ons soos ou klei so hard geword het dat Hy ons nie meer kan vorm nie. Gee jouself oor aan Hom en nooi Hom uit om die pottebakker van jou lewe te word. Vra Hom om jou te help om stadiger te lewe en om ‘n lewensritme aan te leer waar jy meer tyd in Sy teenwoordigheid spandeer. Bid dat daardie dinge wat dit vir jou moeilik maak sal verander.

Bid vir iemand by name wat dit nodig het om sy of haar lewe in die pottebakker se hande te plaas.

Bid vir iemand by name wat sy of haar lewe aan die pottebakker gewy het, maar verhard het. Bid vir ‘n nuwe toewyding aan die Here vir daardie persoon.

Dag 2 – Leer leef saam met Jesus

Uit die Woord

Matteus 4:19 “Laat staan julle nette. Kom agter My aan! Word My volgeling. Dan sal Ek julle wys hoe om op ‘n nuwe manier vis te vang. Ek sal julle leer om van nou af mense te vang wat in sonde leef sodat hulle deel kan kry aan God se nuwe wêreld.”

Kernaanhaling uit “Leer leef met Jesus”

‘n Dissipel is iemand wat besluit het om saam met Jesus te lewe en te leer deur te kyk en te luister na wat Jesus doen en sê. Die hart van dissipelskap is om saam met Jesus te leer lewe, om Hom te volg en om Hom te leer ken. Dit beteken dat ons ons lewens op ‘n ander manier moet inrig. Ons verander ons lewenstempo, ons leer wandel, ons leer om te stop sodat ons kan leer om te luister. Ons leer luister deur dit te doen. Dit verg meer as net goeie voornemens.

Gebedsriglyne

Vra dat die Here jou sal wys wat jou “nette” is wat jy moet los. As dit vir jou duidelik word, vra die Here om jou te help om jou los te maak daarvan. Verklaar dat jy bereid is om daardie stap te neem. Skryf daardie dinge neer, ook hoe jy jou lewe anders wil inrig. Verbind jou daartoe om jou lewe anders in te rig. Vra dat die Here jou sal help.

Bid vir iemand by name wat “verstrengel is in ‘n net” wat hom of haar verhinder om Jesus te volg. Bid vir daardie persoon vir ‘n honger en begeerte om die Here beter te leer ken.

Vra ook dat die Here ons as gemeente sal help om hierdie jaar meer tyd in Sy teenwoordigheid te spandeer. As die Here vir jou ‘n idee gee, skryf dit neer en bid daardeur.

Dag 3 – Leer hoe om te lewe

Uit die Woord

Matteus 11:28-30

“Daarom wil Ek julle uitnooi: Voel julle moeg vir hierdie lewe? Knak julle knieë onder al die probleme en verantwoordelikhede wat julle moet dra? Het julle godsdiens leeg geword sodat dit julle geestelike dors nie meer les nie? Kom dan na My toe! Ja, kom wy jou lewe aan My toe. By My sal jy weer die sin van die lewe ontdek. “Kom luister na wat Ek vir jou oor jou lewe wil leer. Ek sal jou leer dat geluk nie is om heelyd net vir jouself te leef nie. Jy sal ontdek wat dit beteken om nog vir ander mense tyd en liefde oor te hê. “Kom ontdek watter vreugde dit bring om te leef soos God wil hê jy moet leef. “Dis nie moeilik om so te leef nie; om die waarheid te sê, as jy so begin leef, sal jy agterkom hoe lekker die lewe regtig kan wees.”

Kernaanhalings uit “Leer leef met Jesus”

Dissipelskap vra van ons ‘n ander rigting van ons manier van lewe. Dit vra van ons om ‘n ander ritme te ontwikkel. ‘n Ritme wat stadiger is. Ons sal meer plek vir die Bybel in ons lewe moet gee. Dit is ‘n uitnodiging om te kom luister na wat Jesus ons oor die lewe wil leer. Hy wil ons in elke faset van ons lewe leer lewe.

Gebedsriglyne

Vra dat die Here jou sal help om te verstaan hoe jy jou lewensritme kan en moet verander en hoe jy dit “stadiger” kan maak. Skryf dit neer as Hy dit vir jou wys. Probeer dit doen in soveel as moontlik detail.

Bid dat die Here jou sal help om te ontdek wat dit beteken om meer tyd en liefde vir ander te hê. Skryf dit neer. As jy dit reeds ontdek het, dank Hom daarvoor. Skryf ook dit neer, ook die name van persone of instansies waar jy betrokke is. Bid vir daardie persone of instansies.

Dag 4 – Leef met Jesus in jou werk

Uit die Woord

Kolosense 2:6-7

⁶ Julle het Jesus Christus as Here erken en aanvaar. Tree nou op soos mense wat Hom regtig as Here ken. ⁷ Julle verhouding met Hom moet so heg en intiem wees soos die band tussen 'n boom en die aarde waaruit dit groei. Soos 'n huis wat op 'n sterk fondament gebou word, moet julle julle lewe op Jesus bou. Staan onwrikbaar vas in dit wat julle glo, soos julle geleer is. Doen dit terwyl julle gedurig vir God dankie sê en Hom eer.

Kernaanhalings uit “Leer leef met Jesus”

Ons word geroep om vandag ons hele lewe saam met Jesus onder Sy heerskappy te lewe. Ons daaglikse werk is so 'n struktuur binne die koninkryk. Dit is deel van ons lewe onder die koningsheerskappy van Jesus. Werk is 'n gawe van God wat ek in afhanklikheid van Jesus onder Sy gesag en tot Sy eer doen. God nooi ons uit om saam met Hom in ons besigheid en werk te lewe. Ons werkplek is die plek waar ons ons naaste kan seën en dien.

Gebedsriglyne

Vra dat die Here jou sal help om te ontdek wat dit beteken om saam met Hom “werk toe te gaan”. En dat Hy jou sal wys wat jy moet verander en anders doen as Hy daar saam met jou is. Skryf daardie dinge neer en bid deur dit.

Bid vir iemand by name wie se werk vir hom of haar “hel” geword het. Bid dat die omstandighede sal verander en dat daardie persoon sal ontdek wat dit beteken om “saam met Jesus werk toe te gaan”. Dank die Here as jy sien dinge begin verander.

Dag 5 – Leer doen wat Jesus sê

Uit die Woord

Mattheus 24 – 26

Daarna het Jesus vir sy dissipels gesê: “As mense my volgeling wil wees, moet hulle hulle hele lewe vir My gee. Om My te volg is baie moeilik. Dit is net so moeilik soos om jou eie kruis na die plek van jou teregstelling toe te dra. As jy net vir jouself wil lewe, sal jy uiteindelik jou lewe verloor en in die doderyk beland. As jy egter bereid is om jou lewe aan My te wy, sal jy beslis 'n plek kry in God se nuwe wêreld. “Jy moet 'n keuse maak wat jy met jou lewe wil doen. Vra jou eers die volgende vraag af: Wat help dit as jy die hele wêreld aan jou voete het, maar jy kry nie 'n plek in God se nuwe wêreld nie? Kan enigiets op aarde ooit daarteen opweeg?

Ander gedeeltes vir oordenking: Matteus 5:16; 5:37; 5:44 en 47; 6:14; 6:25; 6:33; 22; Lukas 6:28 en 41.

Kernaanhalings uit “Leer leef met Jesus”

Daar is 'n belangrike ding wat ons moet verstaan met betrekking tot dissipelskap. Ons is volgens Kol 1:13 oorgebring onder die koningsheerskappy van Jesus. Die praktiese implikasies hiervan is dat ons nie meer ons eie baas is nie. Ons staan onder 'n nuwe koning, ons leef onder 'n nuwe heerskappy. Ons moet die belangrike verskil tussen om te probeer, en om te oefen verstaan. Probeer, beteken om in jou eie krag te probeer. Oefening gaan oor iets wat jy saam met Jesus doen.

Gebedsriglyne

Vra dat die Here jou sal wys wat is die “oefeninge” wat jy saam met Hom moet doen. Skryf dit neer. Vra dat Hy as die “afrigter” jou sal help met jou oefenprogram.

Bid ook vir die gemeente se “oefenprogram”. Vra die Here waar Hy wil hê jy by die “oefenprogram” moet inskakel. As die Here vir jou ander “oefeninge” wys wat nie op die program is nie, skryf dit neer en bid daarvoor.

Dag 6 – Radikale Innerlike Transformasie

Uit die Woord

Lukas 6:43-45

“'n Goeie boom dra nooit slegte vrugte nie. En 'n slegte boom dra ook nooit goeie vrugte nie. 'n Mens ken 'n boom uit aan die soort vrugte wat dit oplewer. Niemand verwag tog om vye aan 'n doringbos te kry nie. Of druie aan 'n spul doringtakke nie. Goeie mense is soos goeie bome. Uit hulle binneste kom daar net goeie dinge. En slegte mense is soos slegte bome. Uit hulle binneste kom daar net lelike dinge. Luister maar net wat mense sê, dan weet julle watter soort mense hulle is. Mense se woorde wys wat in hulle harte aangaan.

Kernaanhalings uit “Leer leef met Jesus

Dit gaan in dissipelskap oor hierdie radikale innerlike transformasie waardeur ons diepste menswees verander word. Om Sy wil te leer doen moet ons fokus op iets anders, iets meer. Ons moet fokus “to become the kind of person from whom the deeds of the law naturally flow”. Hoe verander ons harte? Deur in die teenwoordigheid van God te leef, vanuit die verhouding met Hom.

Gebedsriglyne

Ondersoek jou hart en vra dat die Here jou sal wys wat is die slegte vrugte wat jy dra. Skryf dit neer en gee dit vir Hom. As jy wil kan jy 'n streep daardeur trek. Vra dat Hy jou sal help om nie te probeer om goeie vrugte te dra nie maar dat jy so uit Hom sal leef dat jy nie anders kan as om goeie vrugte te dra nie. Maak 'n lys van die goeie vrugte in jou lewe. Dank Hom daarvoor.

Bid ook vir die gemeente, vir meer lidmate om meer tyd in Sy teenwoordigheid te kan spandeer, om meer vrugte te kan dra. Bid dat dit 'n besige “groente-en vrugtemark” sal wees die jaar.

Dag 7 - Lofprysing

Uit die Woord

Jes 64:8 U is tog ons Vader, Here. Ons is die klei waaraan U 'n vorm gegee het. U hande het ons almal gemaak.

2 Kor 5:17 Nou weet ek dat wanneer iemand aan Christus behoort, hy 'n splinternuwe mens is; 'n nuwe skepping in die klei. Al die ou sondige dinge is dan iets van die verlede. Dan is die nuwe lewe hier!

Dank die Here dat jy die klei in Sy hande kan wees, dat jy 'n splinternuwe mens kan wees, en vir 'n nuwe lewe in Hom.

Ten slotte

Dankie dat jy deel was van die week van gebed. Ons vertrou dat jou "oefenprogram" meer vorm gekry het die week. Oefen ook saam met ander en deel met ander wat die Here vir jou gewys het. Vir meer inligting oor die gemeente se oefenprogram en hoe jy kan deel word daarvan, as jy nie reeds is nie, kontak vir ds Tobie. Ook vir inligting oor "Leer leef met Jesus". Baie seën en sterkte vir jou oefenprogram in 2022!